

Uitverkiesing en evangelikaalse spiritualiteit: die neocalvinisme in Suid-Afrika

Vincent Brümmer

Vincent Brümmer, buitengewone professor in sistematiese teologie, Universiteit Stellenbosch

Opsomming

Hierdie artikel ondersoek die verhouding tussen die calvinistiese uitverkiesingsleer en die evangelikaalse spiritualiteit in die NG Kerk. Die uitverkiesingsleer van Calvyn het implikasies wat in stryd is met die evangelikaalse spiritualiteit wat vanaf die tweede helfte van die 19de eeu kenmerkend was vir die Kaapse Kerk. Die Kaapse teoloog het enersyds geleef vanuit hulle evangelikaalse spiritualiteit en andersyds as goeie gereformeerdes die uitverkiesingsleer onderskryf, sonder om hulle moeg te maak oor die logiese spanning tussen die twee. In die 1930's was daar in Suid-Afrika 'n sterk oplewing van kuyperiaanse neocalvinisme. Die neocalviniste het die evangelikaalse spiritualiteit in die NG Kerk afgewys as "metodisties". Ds. A.A. Weich het toe onder die skuilnaam "Bekommerd" die evangelikaalse spiritualiteit teenoor die neocalviniste verdedig. Dit het aanleiding gegee tot 'n lewendige debat in *Die Kerkbode* (Brümmer 2016a en 2016b). Die neocalviniste het egter nie alleen die evangelikaalse spiritualiteit van die NG Kerk as ongereformeerde bestry nie. Hierdie artikel bespreek hoe neocalviniste beoog het om Kuyper se neocalvinistiese ideologie op alle terreine van die Suid-Afrikaanse samelewing uit te dra. Kuyper se neocalvinisme word bespreek en dan word aangetoon hoe dit in Suid-Afrika daartoe gelei het dat die neocalviniste en die evangelikale verskillende standpunte gehad het oor ekumeniese bewegings en interkonnessionele organisasies soos die CSV (Christen-Studentevereniging). Ook het hulle verskillende opvattinge verdedig oor die Suid-Afrikaanse politiek, en veral oor die verhouding tussen Afrikaners en Engelse en tussen blank en swart.

Trefwoorde: Abraham Kuyper; Afrikaner-nasionalisme; "Bekommerd"; J.D. Vorster; J.D. du Toit (Totius); konsiliasiebeleid; liefde van God; metodisme; neocalvinisme; P.J.S. de Klerk; rassesseiding; soewereiniteit van God; spiritualiteit; uitverkiesing

Abstract**Predestination and evangelical spirituality: Neo-Calvinism in South Africa**

This article reflects the relationship between Calvin's doctrine of predestination and evangelical spirituality in the Dutch Reformed Church in South Africa. This doctrine could not be reconciled with the evangelical spirituality that had been characteristic of the Dutch Reformed Church in the Cape since the second half of the 19th century (Brümmer 2016a). On the one hand the Cape theologians practised their evangelical spirituality while on the other hand they considered themselves to be orthodox Reformed theologians who subscribed to the doctrine of predestination. They were not bothered by the logical tension between their spirituality and their doctrine. In the 1930s, however, there was growing support in South Africa for the kind of Neo-Calvinism defended by Abraham Kuyper in the Netherlands. The Neo-Calvinists rejected the evangelical spirituality in the Dutch Reformed Church as being "Methodist" and not Reformed. Under the pseudonym "Bekommerd" the Rev. A.A. Weich wrote a series of letters in *Die Kerkbode* in which he defended the evangelical spirituality in the Church against the critique of the Neo-Calvinists. This gave rise to a lively debate in the correspondence columns of *Die Kerkbode* (Brümmer 2016b). However, the Neo-Calvinists did not only oppose evangelical spirituality as contrary to Reformed doctrine. They also wanted to spread the Neo-Calvinist ideology of Abraham Kuyper to all areas of South African society. Kuyper had developed Calvinism into an ideology that required active application to all areas of life and society. This article focuses on the following: 1. It explains Kuyper's Neo-Calvinist ideology and determines what was "neo" about Neo-Calvinism; 2. It investigates the evangelical objections to Kuyper's ideology. 3. It shows how these differences between Neo-Calvinists and evangelicals caused them to differ in their views about the ecumenical movement and inter-confessional organisations like the Student Christian Association (SCA). They also differed in their views on South African politics, and especially regarding the relationship between the Afrikaners and the English and race relations between whites and blacks.

The most important innovation in Kuyper's interpretation of Calvinism is his distinction between general and special grace. The latter is the saving grace of divine election. This grace applies only to the elect and not to all human beings. General grace applies to all human beings, but does not lead to salvation. It is preserving rather than saving. It preserves all human beings from the worst effects of sin and enables all humans to maintain an orderly society, to develop culture and to spread civilisation in the world. General grace enables all humans, and not only the elect, to maintain high standards of morality and to achieve much in all areas of culture and civilisation. In these respects there is not much difference between the elect and the non-elect. This enables all humans to co-operate in building up society and developing culture and civilisation. However, there is a great difference in the contribution made by the elect and the non-elect in this co-operation. The difference results from the regeneration of the elect by which the principles of Biblical revelation are engraved in their consciousness. These principles are the basis for Calvinism as the purist Christian alternative to non-Christian ideologies such as humanism, liberalism, socialism and so forth.

Since Calvinism is in principle free from domination by the state or the church as institution, it can develop into various denominational forms differing in their degree of purity. The purist form of Calvinism is that expressed in the Reformed confessions based on the principle of the absolute sovereignty of God. This is also the purist expression of the Christian faith.

Pure Reformed Calvinism has therefore continually struggled to maintain its purity against the rise of various confessional deviations. Only by maintaining its purity can it be an effective alternative for non-Christian ideologies in society.

The Neo-Calvinists in South Africa aimed at applying Kuyper's programme in South Africa. The evangelicals had two main objections to this Neo-Calvinist programme. First of all they accused the Neo-Calvinists of intellectualising the faith. Faith becomes something of the mind rather than of the heart. Regeneration changes our consciousness rather than our lives. Christianity becomes a commitment to a system of principles rather than a commitment to the person of Christ.

Secondly, the evangelicals objected to the exclusivism of the Neo-Calvinists. In their struggle to maintain their confessional purity they refused to co-operate with those who did not share their Reformed confessional basis. For this reason they objected to inter-confessional societies like the SCA and aimed at setting up their own Confessional Christian Students Society which would unite all those students who shared a commitment to the Reformed confessions, and exclude the evangelicals whom they accused of adhering to Arminian confessional principles.

It is clear that two radically different principles of inclusion were involved here. The Neo-Calvinists wanted to include all those students who shared their Calvinistic confessional commitment, whereas the evangelicals wanted to include all those students who "loved the Lord", irrespective of their confessional commitments. The question was what is more important: bringing people of faith together in spite of their confessional differences, or maintaining confessional purity by keeping them apart? In South Africa this difference in approach was not only applied to the relationship between churches and confessional traditions, but also had a decisive effect on the attitude of evangelicals and Neo-Calvinists to South African politics.

After the Anglo-Boer War, the political divide in South Africa was between the South African Party of Botha and Smuts, who aimed at reconciling the Afrikaners and the English and fusing them into one united South African nation, and the Afrikaner Nationalists, who refused to endanger their separate Afrikaner identity and aimed at maintaining the Afrikaners as a separate nation in South Africa. They argued that Afrikaners and English could live peacefully side by side, but could never become one nation. In general the sympathy of the evangelicals was with the "conciliation" policy of Botha and Smuts, whereas the Neo-Calvinists provided an ideological basis for Afrikaner nationalism. According to them, Calvinists in South Africa were republicans in principle and therefore not at home within the British Empire.

In a similar way the Neo-Calvinists tried to provide an ideological basis for a policy of racial segregation (later called apartheid). However, the Neo-Calvinists did not "invent" apartheid. It was a manifestation of what Edward Said called orientalism: the intuitive tendency of Westerners (not only in South Africa) to maintain their superiority over the "East" by keeping themselves apart. They looked on the East from a Western perspective and intuitively considered their own perspective to be the only "true" one. The Neo-Calvinists tried to provide an ideological basis for this perspective. The evangelicals, who intuitively shared this perspective, were more pragmatic in their approach to race relations. They rejected a Neo-Calvinist political blueprint which purported to have authority. They admitted that the

problem of race relations in South Africa was very complicated and to be solved only in a piecemeal and experimental way. And finally they tried to overcome their intuitive orientalism by attempting to understand and consider the perspective of their black countrymen. It makes one wonder what course the history of South Africa would have taken if Afrikaners had chosen the path of the evangelicals rather than that of the Neo-Calvinists.

Keywords: Abraham Kuyper; Afrikaner nationalism; “Concerned” (“Bekommerd”) debate; reconciliation policy; divine love; divine sovereignty; J.D. du Toit (Totius); J.D. Vorster; Methodism; neo-Calvinism; P.J.S. de Klerk; predestination; racial segregation; spirituality

1. Inleiding

Hierdie artikel ondersoek die verhouding tussen die calvinistiese uitverkiesingsleer en die evangelikaalse spiritualiteit in die NG Kerk.¹ Die uitverkiesingsleer van Calvyn het implikasies wat in stryd is met die evangelikaalse spiritualiteit wat vanaf die tweede helfte van die 19de eeu kenmerkend was vir die Kaapse Kerk. Die Kaapse teoloë het enersyds geleef vanuit hulle evangelikaalse spiritualiteit en andersyds as goeie gereformeerdes die uitverkiesingsleer onderskryf, sonder om hulle moeg te maak oor die logiese spanning tussen die twee (Brümmer 2016a). In die 1930's was daar in Suid-Afrika 'n sterk oplewing van kuyperiaanse neocalvinisme. Die neocalviniste het die evangelikaalse spiritualiteit in die NG Kerk afgewys as “metodisties.” Ds. A.A. Weich het toe onder die skuilnaam “Bekommerd” die evangelikaalse spiritualiteit teenoor die neocalviniste verdedig. Dit het aanleiding gegee tot 'n lewendige debat in *Die Kerkbode* (Brümmer 2016b). Die neocalviniste het egter nie alleen die evangelikaalse spiritualiteit van die NG Kerk as ongereformeerde bestry nie. Hierdie artikel bespreek hoe neocalviniste beoog het om Kuyper se neocalvinistiese ideologie op alle terreine van die Suid-Afrikaanse samelewing uit te dra. Ook het hulle verskillende opvattinge verdedig oor die Suid-Afrikaanse politiek, en veral oor die verhouding tussen Afrikaners en Engelse en tussen blank en swart. Hierdie artikel ontleed eerstens wat Abraham Kuyper se aktivistiese interpretasie van die calvinisme behels het en wat “neo” aan die neocalvinisme was en ondersoek dan tweedens die besware van die evangelikales teen hierdie kuyperiaanse ideologie in meer besonderhede. Derdens, en ten slotte, word ondersoek hoe hierdie verskil tussen neocalviniste en evangelikales daartoe gelei het dat hulle verskil het in hulle houding teenoor ekumeniese en interkonfessionele organisasies soos die CSV, en ook in hulle opvattinge oor die Suid-Afrikaanse politiek, en veral oor die verhouding tussen Afrikaners en Engelse en tussen blank en swart.

2. Neocalvinisme

Die belangrikste aspek van Kuyper se interpretasie van die calvinisme is sy uitwerk van die onderskeid tussen besondere en algemene genade, of “partikuliere en gemene grasie”. Die besondere genade is die saligmakende genade van die uitverkiesing wat alleen vir die uitverkorenes en nie vir alle mense geld nie. Die algemene genade geld wel vir alle mense, maar is nie saligmakend nie. Dit is bewarend in die sin dat dit alle mense bewaar van die ergste gevolge van die sonde en hulle in staat stel om 'n ordelike samelewing te bou, die kultuur te ontwikkel en die beskawing te bevorder.

Totius wys daarop dat hierdie onderskeid reeds by Calvyn voorkom, maar deur Kuyper verder uitgewerk is:

Alreeds Calvyn self het duidelik dié twee van mekaar onderskei. Hy skrywe in sy Genesis kommentaar dit: “Dit is wonderlik dat hierdie mense (die afstammeling van Kain) wat van alle deug afgewyk het, uitgemunt het in sulke *genadegawes*² bo almal wat uit Adam gespruit het ... Die kinders van Kain is wel van die *Gees van die wedergeboorte* verstoek, maar tog het hulle gawes ontvang wat nie verag moet word nie.” Hier word dus onderskeid gemaak tussen “die Gees van die wedergeboorte,” wat ’n vrug is van die verkiesende genade van God, en die algemene “genadegawes” wat selfs die nakomeling van Kain besit het (Gen. 4: 20, 21) en sedertdien die besit van alle mense gebly het. Sedert Kuyper hierdie onderwerp so grondig behandel het, word algemeen gespreek van gemene grasia as aangedui word die “genadegawes” wat die deel is van gelowiges én nie-gelowiges, terwyl die term partikuliere of besondere genade gebruik word van die Goddelike uitverkiesing wat alléén uitgaan tot die gelowiges. (Stoker en Potgieter 1935:44)

Hoewel die algemene genade nie saligmakend is nie, stel dit ook die nie-uitverkorenes in staat tot groot prestasies en net so ’n deugsame lewe as by die uitverkorenes. Aldus Kuyper:

Wat uit die woorde en die handelinge en uit die algemene optrede van baie nie-gelowiges tot u spreek, is dikwels nie alleen die vonk van genialiteit of die skittering van talent nie, maar ook die karakterskoon, hulle ywer, hulle toewyding, hulle liefde, hulle rondborstigheit, hulle trou en hulle eerlike sin. Ja dit mag nie verswyg word nie dat die wens u dikwels bekruipt dat menige gelowiges meer van hierdie aantreklikheit mag hê, en wie van ons voel homself nie dikwels beskaamd deur wat “die deug van die heidene” genoem word nie? (Kuyper 1998:114)³

Die algemene genade lê op hierdie manier die basis vir uitverkorenes en nie-uitverkorenes om met mekaar saam te werk in die opbou van die samelewing, die ontwikkeling van die kultuur en die verbreiding van die beskawing. Tog is daar ’n groot verskil in die bydrae wat die uitverkorenes en die nie-uitverkorenes tot hierdie samewerking lewer. Hierdie verskil hang saam met die wedergeboorte van die uitverkorenes. Die wedergeboorte is die middel waardeur God die uitverkiesing in die mens verwerklik. Die saad van die uitverkiesing word deur God self in die uitverkore mens gelê.

Soos aangetoon is, lê die verskil tussen die wedergebore en die niewedergebore mens volgens Kuyper nie in hulle deugsamheit nie, maar in hulle bewussyn. “Ons het dan tog met tweërlei menslike bewussyn te doen: en hierdie twee is *nie* dieselfde nie” (Kuyper 1898: 130). Die wedergeboorte verander die mens se bewussyn op drie maniere: dit gee die uitverkore mens kennis van die sonde, dit bewerk by hom die bekering, dit wil sê, die persoonlike sekerheit van sy status as uitverkorene, en dit wek deur die getuienis van die Heilige Gees by hom die geloof in die Heilige Skrif en die aanvaarding van bybelse beginsels. “Wie nie wedergebore is nie, *kan* geen wesentlike kennis van die sonde hê nie, en wie nie bekeerd is nie *kan* geen geloofsekerheit besit nie; wie die getuienis van die Heilige Gees mis, *kan* nie glo in die Heilige Skrif nie” (Kuyper 1898:130). Hierdie drie “word vir die calvinis met sy bewussyn gegee” (Kuyper 1898:129).

Die bydrae van die wedergebore mens aan die samelewing, kultuur en beskawing verskil dus van dié van die niewedergeborene omdat dit berus op die bybelse beginsels wat in sy bewussyn gegrif is. Op basis van die wedergeboorte bepleit Kuyper dus 'n eie calvinistiese kultuurofbou wat dit “in edele wedywer” sou kon opneem teen die kultuur van die niewedergeborenes (Rasker 1974:194). Op hierdie manier is die calvinisme die suiwerste christelike alternatief vir niechristelike ideologieë soos die humanisme, die modernisme, die liberalisme, die sosialisme, die kommunisme, die kapitalisme, ens.

Omdat die calvinisme in beginsel vry was van oorheersing deur die staat of die kerklike hiërargie, kon dit vry ontwikkel en kon dit verskillende denominasionele vorme aanneem. Hierdie veelvormigheid het egter ook skadelike gevolge gehad:

Die calvinisme ... kon nie anders as om in veelvormige skakeringe te ontwikkel nie, maar moes juis deur hierdie skakeringe die gevaar van afwykinge ondergaan en moes daarom altyd teen hierdie gevaar 'n eensydige reaksie in die lewe roep. By 'n vrye lewensontwikkeling soos deur die calvinisme bedoel, moes daarom die onderskeid afteken tussen die *sentrum* met sy volle suiwer lewenskrag en die breë *omtrek* met sy bedenkbare verflouing; maar juis in hierdie rustelose stryd tussen suiwer en minder suiwer ontwikkeling was die gestadige deurwerking van sy gees aan die calvinisme gewaarborg. (Kuyper 1898:8)

Die suiwerste vorm van die calvinisme is dié wat tot uitdrukking kom in die gereformeerde belydenisskrifte wat uitgaan van die volstreekte soewereiniteit van God. Dit is dan ook die “suiwerste openbaring” van die christendom (Kuyper 1898:3).

Die neocalviniste in Suid-Afrika het hulle ten doel gestel om die program van Kuyper hier uit te voer. In die woorde van Totius wou hulle “die beginsels wat ons saamvat in die woord ‘calvinisme’ verhef tot 'n mag in die land” (Stoker en Potgieter 1935:37).

“Bekommerd” en sy evangelikaalse geesverwante het hierteen veral twee groot besware gehad. Eerstens het hulle gevoel dat hierdie program die christelike geloof intellektualiseer deur dit tot 'n ideologiese denksisteem te reduceer. Geloof word iets van die bewussyn en nie iets van die hart nie. Tweedens het hulle beswaar gemaak teen die konfessionele eksklusiwisme van die program. Die neocalviniste het hulle calvinistiese ideologie beskou as die suiwerste vorm van die christelike geloof wat (in die woorde van Kuyper) beskerm moet word teen die “bedenklike verflouing” van ander “minder suiwer ontwikkelinge”. Laat ons hierdie besware nader bekyk.

3. Intellektualisering.

Soos ons gesien het, is wedergeboorte vir Kuyper 'n *bewussynsverandering* in die uitverkore mens. Hierdie bewussynsverandering bring mee dat die denke van die wedergebore mens berus op die bybelse beginsels wat in sy bewussyn gegrif is. Met hierdie beklemtoning van die bewussyn is die neocalvinisme sterk intellektueel. Ook ds. J.D. (Koot) Vorster gee dit toe: “Calvinisme is ongetwyfeld sterk intellektueel en so 'n buitengewoon logiese sisteem” (Gereformeerde Vaandel 1934:214). Geloof is daarmee sowel kennis van en ook toewyding aan hierdie sisteem van beginsels. In die woorde van Totius gaan dit dus om “die

grondbeginsels van 'n sisteem wat die liefde van ons hart en die toewyding van al ons kragte werd is" (Stoker en Potgieter 1935:38).

Volgens Koot Vorster is hierdie calvinistiese beginsels ook die beginsels wat Christus geleer het:

Christus het aan sy volgelinge die opdrag gegee om die wêreld te oorwin deur die verspreiding van christelike beginsels. ... Oordeel dus nou of die calvinisme nie Christus die trouste volg nie. Immer soos die fundamentele en formatiewe lewensbeginsel van die calvinisme aan 'n eie teologie die lewe geskenk het, het daaruit ook 'n eie beskouing aangaande die staat, maatskappy en wetenskap voortgekom. ... Daarom is hy [die calvinis] daar gesteld op om die eer van God op al hierdie terreine te soek deur dit langs positiewe christelike beginsels te laat ontwikkel. ... Veral het die calvinis sig geroepe gevoel om die beginsels van Christus in die maatskappy in te dra om dit te hervorm. ... Calvinisme *moet* oorwin omdat dit die diepste, ruimste, mees konsekwente en mees harmonieuse uiting van die christendom is. (Die Gereformeerde Vaandel 1934:276-7)

In sy bydrae tot die "Bekommerd"-debat skryf P.L. Rossouw uit Potchefstroom dat die Calvinistiese Bond juis opgerig is om hierdie opdrag in Suid-Afrika uit te voer:

Die doel van die Calvinistiese Bond is seker nie om mense tot bekering te bring nie, maar wel om wat reeds in beginsel aanvaar word [naamlik die calvinistiese beginsels], verder te ontplooi en te sistematiseer. Gods Woord en die beginsels daarin vervat, word dan gestel as die grondslag van die ganse lewe en daar word getrag om tot 'n koherente lewens- en wêreldbeskouing te geraak deur genoemde beginsels stelselmatig op die verskillende terreine van die lewe toe te pas. ... Die doel van die Calvinistiese Bond is dus nie die evangelisering van die wêreld nie, maar die verbreiding van die beginsels van Gods Woord op alle terreine van die lewe. (Die Kerkbode 1936:88)

"Bekommerd" en sy geesverwante het sterk beswaar gemaak teen hierdie opvatting van die geloof. Geloof is nie toewyding aan beginsels nie, maar toewyding aan die persoon van Christus. Soos "Bekommerd" dit stel: "Dit lyk vir my of calvinisme nou die plek van Christus moet inneem. Natuurlik sal hulle dit nie erken nie, sal hulle dit heftig teëspreek, maar hulle woorde en daede toon dat dit hulle werkmethode is" (Bekommerd 1936:29). In die rubriek "Uit die Vrystaat" in *Die Kerkbode* word hierdie verskil as volg gestel:

Wat ons kinders veral nodig het is om Jesus te ken, as hulle persoonlike Saligmaker en Heer. ... Die groot vraag dus vir die studerende jeug is, in watter betrekking staan ons tot Jesus Christus? Die saligheid is 'n lewende verbintenis met die opgewekte Heiland. Iemand word gered nie deur die uiterlike leerstukke van die Kerk te ken en te beaam nie. (Die Kerkbode 1936:943)

"Bekommerd" wys daarop dat hierdie verskil van opvatting aanleiding gee tot twee verskillende soorte prediking. In die evangelikaalse tradisie van die NG Kerk was die prediking daarop gerig om verlore siele na Christus te bring. "Ons het voor ons oë gesien verlore siele, vir wie Christus gesterf het. Dit was ons groot doel om diesulkes tot Christus en deur hom tot die saligheid te bring. En hierdie prediking was geseënd" (Bekommerd 1936:9).

In die neocalvinisme, waar die verbreiding van calvinistiese beginsels nagestreef word, sal die prediking eerder daarop gerig word om by die wedergeborenes grondige kennis van hierdie beginsels by te bring. Die neocalviniste het daarom gepleit vir meer leerstellige prediking. So stel ds. J.J. le Roux dit in sy bydrae tot die “Bekommerd”-debat:

Alte baie het Heilsleëroep op die kansel die positiewe leerstellige prediking vervang. Onder die gemeente het kundiges gekla dat die kansel selde of nooit meer vaste spyse bied nie. ... Gaandeweg het die prediking dan ook oorweënd bekeringswekkend en stigtelik geword. So het die klag van Hosea 4:6 ook op ons volk van toepassing geword: My volk gaan ten gronde weens gebrek aan kennis. (Die Kerkbode 1935:1086)

Van sy kant het “Bekommerd” weer gekla oor die soort neocalvinistiese prediking in die Gereformeerde Kerk waarin “veelal die helder evangeliese klank gemis word. Bekeringsprediking sal daar selde of nooit gehoor word nie. Die prediking doen meer ’n beroep op die intelligensie, die verstand, as op die hart. Die verstand sal voedsel, vaste voedsel kry, maar die hart sal veelal koud bly (“Bekommerd” 1936:34).

Volgens A.H. Murray skyn die neocalvinisme in werklikheid

uit te loop op ’n aggressiewe intellektualisme waarin daar nie baie plek is vir die diepmistiese kern van die protestantisme nie, en wat – noodwendig – meer die kenmerk vertoon van Kuyper se lewensbeskouing as van Calvyn. Kuyper was nie in die eerste plek bekend om sy diep-geestelikheid nie; daarvoor was hy te sterk rasionalis en logis. ... Die kuyperiste het die leer van Calvyn geïntellektualiseer; onder hul pen het die calvinisme geword die verkondiging van ’n filosofiese stelsel, meer as die invoeling van ’n geloofsverhouding; dit is ’n intellektualistiese rekonstruksie van die leer van Calvyn, sonder die mistiek. (Bekommerd 1936:65–6).

Murray is miskien reg ten aansien van Kuyper se neocalvinistiese program, maar nie ten aansien van Kuyper se persoon nie. Daar was verskillende kante aan Kuyper se gekompliseerde persoonlikheid. Kuyper het as persoon ook ’n mistieke kant gehad. Dit het veral tot uiting gekom in ’n reeks meditasies (Kuyper 1908) waarin sy mistieke vroomheid nie agterbly by dié van A.H. Murray se oupa, Andrew Murray, nie! Hiervoor beroep Kuyper hom op Calvyn: “Calvyn heet koud te wees, maar geen Godgeleerde dring ons dieper in in die mistieke unie in ons hart met die Godmens, en deur hom met die Ewige Wese nie” (Kuyper 1908, voorwoord). Kuyper was deeglik bewus van die gevaar van intellektualistiese regsinnigheid. “Regsinnigheid en onberispelike wandel en baie goeie werke is ongetwyfeld onmisbaar, maar tog, die murg van alle religie is en bly die salige gemeenskap met die Ewige Wese, en by hierdie gemeenskap is dit alleen die liefde vir God waarin die goudglans skitter” (Kuyper 1908:179–80). Tog bly die verband tussen Kuyper se mistiek en sy neocalvinistiese ideologie onduidelik. Die eerste is die intieme omgang van die wedergeborene met God, terwyl die laaste ’n ideologiese teorie is, gegrond op die beginsels in die bewussyn van die wedergeborene, en as sodanig in wedywering met niechristelike ideologië in die samelewing. By Totius was daar ook so ’n tweespalt tussen die vroomheid van sy psalmberymings en sy ywer vir “die grondbeginsels van ’n sisteem wat die liefde van ons hart en die toewyding van al ons kragte werd is” (Stoker en Potgieter 1935:38).

4. Konfessionele eksklusiwisme

Aan die begin van 1936 skryf B.B. Keet in sy rubriek “Uit die buiteland” in *Die Kerkbode*:

Opmerklik is hoe in die laaste tyd ’n steeds enger groeiende rigting in die Gereformeerde Kerke [in Nederland] tot openbaring kom. ’n Tipiese voorbeeld het onder my aandag nog onlangs gekom. Kuyper het ons geleer om te spreek van min of meer suiwere Kerke; sedert die Reformasie is die teenstelling nie meer die ware Kerk teenoor die valse nie, want die Reformasie het vir goed ’n einde gemaak aan die gedagte van ’n alleen-ware Kerk. Maar nou kom die pleitbesorger van die “ware” Gereformeerdes met ’n splinternuwe teenstelling, nl. die van wettig en onwettig. Natuurlik is daar dan maar een wettige Kerk en dit spreek vanself watter een dit is. (Die Kerkbode 1936:72)

Kuyper het nie in die eerste plek gepraat van minder of meer suiwere kerke nie, maar van minder of meer suiwere vorme van die Christendom. Dit is moontlik dat daar verskillende vorme binne dieselfde kerk gevind kan word. Volgens Kuyper is die calvinisme die “suiwerste openbaring” van die christendom (Kuyper 1898:3). Bowendien is die calvinisme ook “die eindpunt in die evolusie van die protestantisme wat in die 16de eeu die lewensontwikkeling van ons geslag in ’n nuwe en hoër fase gelei het” (Kuyper 1898:35).⁴ Soos hier bo aangedui is, meen Kuyper dat die calvinisme altyd “in ’n rustelose stryd” gewikkel is om “sy volle suiwere lewenskrag” te handhaaf teenoor die “bedenklike verflouinge” van die “minder suiwere ontwikkelinge” in die christendom (Kuyper 1898:8).

Die neocalviniste in Suid-Afrika het hierdie oordeel van Kuyper gedeel. So verklaar H.G. Stoker en F.J.M. Potgieter in hulle voorwoord tot die bundel *Koers in die krisis* dat “calvinisme die mees konsekwente, die mees harmonieuse, die mees universele en die mees suiwere vorm van die christendom is” (Stoker en Potgieter 1935:viii). Koot Vorster gaan nog ’n stap verder en verklaar dat calviniste die “beste christene” is, omdat hulle die uitverkiesingsleer die suiwerste handhaaf:

Die lutheranisme, metodisme en al die ander nie-calvinistiese sisteme ... vernietig die leer van die soewereine genade wat Luther so kragtig verkondig het. En daarmee het die calvinisme alleen oorgebly as verdediger en bewaarder van die reformatoriese grondleerstuk. Daarom sê Müller tereg: “It can be said in respect to the doctrine of justification that the Reformed teachers have been the best Lutherans.” En ons kan byvoeg, ook die beste christene, want in harmonie met die beginsels van die soewereiniteit van God, totale verdorwenheid van die mens en die uitverkiesing in Christus, het die calvinisme ook hierdie leerstuk van Christus ontvang. (Die Gereformeerde Vaandel 1934:274)

Die neocalviniste het ook met Kuyper saamgestem dat hulle moet stry om die calvinisme “in sy volle suiwere lewenskrag” in stand te hou. Om dit te doen, moet hulle die gereformeerde belydenisse suiwer handhaaf en hulle verset teen interkonfessionele bewegings waarin die gesag van hierdie belydenisse gerelativeer word. So verwerp Vorster dit wat hy “interdenomiasionalisme” noem:

Hoewel interdenomiasionalisme nog nooit definitief georganiseer of leerstellig verduidelik is nie, besit dit tog sekere kenmerke, en kan ons dit karakteriseer as *die*

beweging wat soek na “some greatest common denominator which shall unite men of different Christian bodies.” Dit weerstaan denominasionalisme deur die verontagsaming van konfessionele norme en verskille (Die Gereformeerde Vaandel 1934:214).⁵

Die neocalviniste het daarom interkonfessionele verenigings soos die CSV beskou as ’n ernstige bedreiging vir die suiwere handhawing van die calvinistiese beginsels.⁶ So kla ds. J.H. Lange:

Die C.S.V. [bestaan] vir die grootste gedeelte uit kinders en studente van ons Kerk. Maar wat verhinder nou b.v. die C.S.V. soos dit vandag saamgestel is, om ’n kampkonferensie van jong onderwysers (esse) by die Victoria-Watervalle te organiseer en dan een of ander los predikant uit te nooi om as spreker daar op te tree? En as daardie onderwysers (esse) terugkom, om in ons sondegskole en C.S.V.-kringe te werk, wie anders as die arme plaaslike predikant sit opgeskeep met die moeilikheid om verkeerde leerstellings uit die gedagtes van die kinders te kry? (Die Kerkbode 1936:476)

In 1935 is daar by ’n byeenkoms in Bloemfontein ’n kommissie van 11 predikante aangestel om iets hieraan te doen. In ’n brief aan *Die Kerkbode* stel die sekretaris van die kommissie, G.J. Naude, die doel van die kommissie as volg:

Om te onderhandel met die leiers van die bestaande C.S.V. met die vriendelike versoek om stappe te neem ten einde die C.S.V. (1) direk onder die kerkbesture te kry; (2) te grond op ons belydenisskrifte, wat gegrond is op die Woord van God. Die vergadering het ook gevoel dat as die C.S.V. met hierdie diepgevoelde en billike versoek nie kan instem nie, sal hy noodgedwonge en tot sy leedwese moet uitsien na ’n jeugbeweging wat aan hierdie twee vereistes voldoen. (Die Kerkbode 1936:518).

Kort hierna skryf Vorster en Potgieter ’n brief in *Die Kerkbode* waarin hulle meedeel dat ’n aantal studente op Stellenbosch ’n “Konfessionele Christen Studente Vereniging” opgerig het met die doel om “die konfessionele element meer tot sy reg te laat kom as wat in die huidige C.S.V. moontlik is”. Aansluitend hierby sou die CSV omskep moet word tot ’n federasie van konfessionele verenigings waarin

die lede uit die verskillende kerkgenootskappe nie in noue, uniale verband tot mekaar staan nie, maar dat ’n skeiding tussen arminiaans- en calvinisties-gesinde lede aangebring word; verder dat elkeen van die afdelings die Woord van God, soos geïnterpreteer deur hulle respektiewelike belydenisskrifte, tot grondslag sal hê; dat die gereelde vergaderings (wat gekenmerk sal wees deur die beklemtoning van die konfessionele soms direk, soms indirek) plaaslik onder beskerming van die betrokke kerkrade sal plaasvind; dat eenmaal per kwartaal of semester die twee afdelings saam sal vergader om hulle broederliefde teenoor mekaar te betoon en om sake van gemeenskaplike belang te bespreek; dat konferensies vir die afdelings afsonderlik dog ook gesamentlik gereël sal word en dat op eersgenoemde die konfessionele uitsluitlik sal behartig word en op laasgenoemde uitsluitlik die gemeenskaplike (teenoor die ongeloof); dat aparte Bybelstudie-handleidings op die grondslag van die belydenisskrifte vir die twee afdelings deur bevoegde persone sal opgestel word. ... Aangesien ons oortuig daarvan is dat die tyd aangebreek het om die konfessionele

standpunt te handhaaf sal ons ons gedwonge voel om ons te beywer om vir sover in ons vermoë die bestaan van die K.C.S.V. op Stellenbosch te bestendig en om soortgelyke verenigings aan ander inrigtings vir hoër en laer onderwys te stig. (Die Kerkbode 1936:582)

Dit is duidelik dat die neocalviniste op hierdie manier 'n studentevereniging wou stig waarin die "suiwere calvinisme" onder studente bevorder sou word sonder die gevaar van beïnvloeding deur die "minder suiwere metodistiese" of "arminiaanse" spiritualiteit. Die probleem was natuurlik dat hierdie onderskeid nie tussen kerkgenootskappe was nie, maar dwarsdeur die NG Kerk self geloop het. Reaksies vanuit die evangelikaalse rigting in die NG Kerk het dan ook nie uitgebly nie. "Bekommerd" maak veral beswaar teen die konfessionele eksklusivisme van die neocalviniste.

Eksklusivisme het geen plek gehad in die beleid van ons Kerk nie. Ons het nooit ... daarop aangedring dat ons kinders in waterdigte kompartemente moet opgesluit word nie. Daar was plek in ons Kerk vir inter- en tussenkerklike inrigtinge: Christelike Strewersvereniging, Christelike Studentevereniging, ens. As groot godsmanne uit ander lande en selfs uit ander protestantse kerkgenootskappe, manne wat deur God geken en gebruik was, tot ons oorgekom het, het ons hulle hartelik welkom geheet en het ons geluister na wat hulle te sê gehad het. Ek noem die name van slegs twee van die godsmanne: Dr. Mott en Dr. Kumm. Hierdeur is ons blik verruim geword. Hoewel ons vas en pal by ons beginsels gestaan het, het ons van die ander geleer en ontvang wat daar te leer en te ontvang was. (Die Kerkbode 1936:522)

Elders skryf "Bekommerd" dat die neocalviniste se beleid

altyd was om hulle met hoë mure te ommuur en die kerklike kring so klein moontlik te trek. Ons beleid daarenteen, was die teenoorgestelde hiervan – ons wou graag soveel moontlik, alle gelowiges, almal wat die Here Jesus in waarheid en opregtheid lief het, in ons kring insluit. ... Hulle wil alles net van hulle eie hê. Eie skole, eie universiteit, eie vereniginge, wat die dierbaarste kinders van die Here van ander gesindes uitsluit. (Bekommerd 1936:44–5).

Dit is duidelik dat hier twee radikaal verskillende beginsels van insluiting veronderstel word. Die neocalviniste wou almal saambring wat dieselfde calvinistiese belydenis onderskryf, terwyl die evangelikales "almal wat die Here Jesus in waarheid en opregtheid lief het in ons kring insluit". Hulle wou dus nie "die dierbaarste kinders van die Here van ander gesindes uitsluit" nie. Dit gaan dus om 'n konfessionele eenheid teenoor 'n eenheid van spiritualiteit oor konfessionele grense heen. Vorster omskryf hierdie verskil as "'n opgang in een uiterlike kerkvorm, waarin bepaalde belydenisverskille ondergeskik sal wees en de waarheid vervang word deur 'n week-gevoelige liefde terwille van die eenvormigheid (Die Gereformeerde Vaandel 1936:273).

B.B. Keet, wat in daardie tyd voorsitter van die CSV in Suid-Afrika was, het ook gereageer op die stigting van die KCSV. In sy reaksie wys hy daarop dat die CSV nooit sy lede verhoed het om hulle eie konfessionele oortuigings te handhaaf nie:

Die C.S.V. het geen kerklike of konfessionele standpunt aan bande gelê nie; dit laat vryheid toe om die eie konfessionele karakter volkome te handhaaf en moedig sy lede

aan om getrou te wees aan hulle eie kerklike oortuigings. ... Moet ons ywer vir ons eie dan altyd daarop uitloop dat ons ander *christelike* bewegings gaan bestry? (Die Soeklig 1935:172).

Keet verwys na die addendum by artikel 3 van die KCSV se voorlopige grondwet waarvolgens die konfessionele grondslag van die KCSV “die wenslikheid van samewerking met ander christene op algemeen menslike terrein, waar omstandighede dit vereis, nie uitsluit nie”. Hiervan sê Keet dat “samewerking op algemeen menslike terrein ook met ongelowiges gesoek (kan) word. Soos die sin nou staan, lyk dit presies asof ‘ander christene’ gelyk staan met ‘heidene’” (Die Soeklig 1935:172).

Die houding van die neocalviniste teenoor christene wat nie hulle konfessionele grondslag gedeel het nie, was presies dieselfde as Kuyper se houding teenoor die Etiese Rigting in die Nederlands Hervormde Kerk in Nederland. In my eerste artikel het ek daarop gewys dat die Etiese teoloog J.J. Gunning nie vir Kuyper wou volg in sy neocalvinistiese program nie, en dat vir sy gevoel Kuyper hom daarom nie tot die “wedergeborenes” gereken het nie (Brümmer2016:331–2).

Evangelikaalse spiritualiteit was gerig op versoening met God en daarom ook op versoening tussen alle mense deur hulle te verenig in wederliefde tot God. Hierdie versoening tussen mense gaan dus oor konfessionele verskille heen. Die neocalviniste het egter die konfessionele verskille beklemtoon en belangriker geag as die eenheid van alle gelowiges. In die woorde van Voster en Potgieter:

Om nie-konfessionele studiekeringe binne die vereniging [C.S.V.] te stig, is om die meer belangrike (die konfessionele) aan die minder belangrike (die interkerklike) ondergeskik te maak; en wat ons beoog, is juis die teenoorgestelde: Eers die behartiging van die kardinale heilswaarhede in eie Belydenisskrifte en daarna die algemeen christelike. (Die Kerkbode 1936:583)

Die vraag is dus wat belangriker is: om mense met mekaar te versoen deur die verskille tussen hulle te oorbrug in ’n gemeenskaplike spiritualiteit of om juis hierdie verskille te koester en in stand te hou? Hierdie verskil in benadering het in Suid-Afrika nie alleen gegeld ten aansien van die verhouding tussen kerke nie, maar het ook ’n bepalende invloed gehad op die houding van neocalviniste en evangelikales ten aansien van die Suid-Afrikaanse politiek.

5. Neocalvinisme en die Suid-Afrikaanse politiek

Met die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika in 1910 was die Suid-Afrikaanse Party van Botha en Smuts die grootste politieke party in die land en het hulle die regering gevorm. Botha en Smuts het ’n sogenaamde konsiliasiebeleid voorgestaan waarin hulle die ideaal nagestreef het om (1) Afrikaners en Engelse (die “twee rasse”) saam te smee tot één verenigde Suid-Afrikaanse volk waarin (2) Afrikaners en Engelse gelyke regte besit en Nederlands en Engels gelykwaardige tale sal wees en,(3) Suid-Afrika, soos Kanada en Australië, ’n selfregerende staat binne die Britse Ryk sal wees. Hierdie ideaal het ooreengekom met die opvattinge wat reeds vóór die Uniewording deur die Kaapse Afrikanerbond onder leiding van “Onze Jan” Hofmeyr gehuldig was.

Die probleem was egter dat 'n groot deel van die Engelse bevolking nie met hierdie beleid wou saamwerk nie. Hulle het hulself meerderwaardig gevoel teenoor die Afrikaners en het geweier om Nederlands te leer. Net soos Milner was hulle wel voorstanders van één verenigde volk, maar dan moes dit 'n Engelse volk wees waarin die Afrikaners tot Engelse gemaak moes word. Hulle het hulle toe as die Unioniste Party teenoor die Suid-Afrikaanse Party opgestel.

Dit het nie lank geduur nie voor 'n belangrike deel van die Afrikaners in die Suid-Afrikaanse Party ongeduldig geword het met die versoenende manier waarop Botha met hierdie Engelse omgegaan het. Hulle het gevoel dat Botha bereid was om ter wille van die eenheid te veel toegewings aan die Engelse te doen. In 1912 het hulle onder leiding van Hertzog uit die Suid-Afrikaanse Party gestap en die Nasionale Party gevorm. Hierdie party het toe die sogenaamde tweestroombeleid van Hertzog gevolg: Afrikaners en Engelse kan nooit één volk word nie. Om dit te probeer bewerkstellig, sou beteken dat die Afrikaners hulle eie karakter en hulle taal sou moes opoffer. Nee, Afrikaners en Engelse moes twee aparte volke bly, met elkeen sy eie karakter, wat in vrede saam kon woon in Suid-Afrika en kon saamwerk tot opbou van die land. In die eerste helfte van die 20ste eeu was hierdie teenstelling tussen die konsiliasie- en die tweestroombeleid die vernaamste teenstelling in die Suid-Afrikaanse politiek.

Vir die Boere in die Transvaal en die Vrystaat, en veral vir die Bittereinders, was die grootste ramp van die Anglo-Boereoorlog die feit dat hulle hulle republikeinse onafhanklikheid van die Britse Ryk verloor het. In die rebellie van 1914 het 'n aantal van hulle nog 'n vrugtelose poging aangewend om hierdie onafhanklikheid terug te kry. Die leiers van die Kaapse Kerk het in en na die oorlog intens meegeleef met die ellende van die Boere. Daar was geen twyfel waar hulle simpatie gelê het nie. Tog was die verlore onafhanklikheid nie vir hulle die grootste ramp van die oorlog nie. Hulle was self lojale onderdane van hulle geliefde koningin Victoria en nie republikeine nie. Nee, vir hulle was die grootste skade die vervreemding tussen Afrikaners en Engelse as gevolg van die oorlog.⁷ Hulle houding was direk bepaal deur hulle evangelikaalse spiritualiteit waarin versoening tussen God en mens, en tussen mense onderling, vooropgestaan het. Dit is duidelik dat hulle vanuit hulle evangelikaalse spiritualiteit oorwegend simpatiek gestaan het teenoor die beleid van konsiliasie.

Dieselfde evangelikaalse beklemtoning van versoening het ook in 1933 geblyk uit die Kerk se reaksie op die koalisie en politieke samesmelting tussen Hertzog en Smuts. Ds. P.G.J. Meiring, 'n Du Plessis-ondersteuner en net soos Du Plessis 'n toegewyde aanhanger van die evangelikaalse spiritualiteit, het as redakteur van *Die Kerkbode* as volg hierop gereageer:

Hierdie gebeurtenis is iets van so grote betekenis en het so onverwags gekom dat 'n mens daarin Gods hand moet ontdek. Vele in ons land sien daarin die verhoring van die gebede, wat hulle gedurende die laaste twintig jaar van broedertwis en bitterheid onophoudelik tot God opgestuur het. Beide leiers van ons twee groot Volkspartye beskou dat beëindiging van broedertwis die uitwerking sal wees van die oprigting van hierdie Koalisie-Regering. (Die Kerkbode1933:623)

Die neocalviniste het baie anders na die Suid-Afrikaanse politiek gekyk. Hulle het probeer om vanuit hulle neocalvinistiese ideologie 'n beginselgrondslag vir Afrikaner-nasionalisme en ook vir die republikeinse ideaal te verskaf. L.J. du Plessis uit Potchefstroom het dit as volg verwoord:

Ten opsigte van die politiek is daar in die christendom van alle tye eintlik net drie rigtinge, naamlik die Evangeliese, die Ou-Testamentiese en die Skriftuurlike. ... Die eerste sou ons ook kon noem sektaries, die tweede kerkisties en die derde calvinisties. Volgens die eerste is daar net een christelike wet, die wet van individuele liefdesgesindheid; vir die tweede is daar ook net een christelike wet, dié van die objektiewe kerkgesag; vir die derde is daar velerlei christelike wette, o.a. naas die wet van christelike sedelikheid en die wet van kerklike tug, ook nog die wet van christelike politiek. Hierdie laaste wet word ontleen aan die Skrif-openbaring in verband met die staatsreg soos dit nader gevorm word deur die ontwikkeling van menslike samelewing en veral ook deur die christelike tradisie. ... Dit is dan ook bekend uit die geskiedenis, soos te verwagte was uit die aard van die betrokke beginsels, dat die sektarisme geen eie christelike politiek kon ontwikkel nie, dat die kerkisme die politiek vervals het deur dit te verkerklik, terwyl alleen die calvinisme 'n selfstandige christelike politiek ontwikkel het, 'n politiek van oorheersende betekenis vir die moderne westerse staatsgeskiedenis. Histories het die calvinisme verskillende vorme aangeneem in verskillende tye en lande, en altyd met deurslaggewende invloed op die betrokke historiese ontwikkeling. So was daar ... ook die antiliberalistiese Afrikaanse calvinisme van die negentiende eeu onder die invloed van Voortrekkers en Republikeine, waardeur Afrika gered is van verkaffering en verengelsing. (Stoker en Potgieter 1935:263-264)

Die sekretaris van die Federasie van Calvinistiese Studenteverenigings in Suid-Afrika (FCSV), D.C.S. van der Merwe, lê hierdie calvinistiese staatsopvatting as volg uit:

Die calvinis sien die wêreld nooit as 'n monistiese eenheid nie maar as 'n ryke veelheidsverskeidenheid waarin elke kosmiese ding sy eie aard en wese en terrein het waarin hy vry en soewerein is, en in welke vryheid en soewereiniteit hy nooit gekrenk mag word nie. So is ook die aparte volk of nasie 'n eiesoortige kosmiese verskynsel met 'n eie wetmatigheid, 'n eie wese en taak, met 'n eie terrein en op daardie terrein 'n eie vryheid, 'n vryheid wat vir die besondere nasie self nie net 'n voorreg is nie maar ook 'n plig om te verkry en te bewaar, 'n vryheid wat vir die ander nasies heilig is, nie in die sin van goddelik nie maar in die sin van onskendbaar, 'n vryheid wat 'n plig en onskendbaar is omdat dit die noodsaaklike voorwaarde is vir die vervulling van sy eie lewenstaak deur 'n nasie. ... As ons nou hierdie algemene beginsels wil toepas op ons Afrikaanse studentelewe dan kom ons tot die volgende gevolgtrekkinge: ons Afrikaanse nasie het die reg om as aparte nasie te bestaan, dit is sy plig om homself te wees, hy moet vry en selfstandig wees om die eie roeping wat God hom opgelê het uit te leef, hy moet homself geestelik verryk en verdiep om so die mensheid as geheel te verryk en te verdiep. (Die Gereformeerde Vaandel 1934:241-2)

Hieruit volg, in die woorde van ds. J.V. Coetzee, dat “die republikaanse kragtens afkoms en vorming, die Hollandse Afrikaners in die bloed sit. Dit is 'n stuk van hulle calvinistiese erfenis” (Stoker en Potgieter 1935:63). Daarom moet die Afrikaanse calvinis hom verset teen “vreemde, hoofsaaklik Engels-imperialistiese invloede wat die bestaan van die Hollands-Afrikaanse volkselement staatskundig, nasionaal, kultureel en godsdienstig bedreig het en nog bedreig” (Stoker en Potgieter 1935:56).

Hierdie beginselgrondslag vir Afrikaner-nasionalisme kon ook maklik toegepas word op rasseverhoudings. So het die neocalviniste probeer om die beleid van rassesegregasie vanuit calvinistiese beginsels te verdedig. Ds. J.V. Coetzee het dit as volg gestel:

Die kort begrip van calvinistiese lewenswysheid wat verkry is deur jarelange aanraking met slawe en inboorlinge was: *geen gelykstelling nie; erken die ordinansies van God en moet nie probeer om gelyk te stel wat God nie gelyk gemaak het nie.* ... Dit is hierdie beginsel van die calvinisme wat teen die end van die agtiende eeu feitlik reeds orals aangevoel is vernaamlik onder die grensboere, wat gelei het tot die verset teen die nuwe beskouings van die Europese rasionalisme en naturalisme wat die natuurmens verheerlik en met hom gedweep het. Skerp het die calvinisme homself verweer teen die negasie van stands-, beskawings-, ras-, en geloofsverskille, wat die sedelike onbedorwenheid van die natuurmens gepreek het, en waaruit sy gelykwaardigheid met (of eintlik sy meerderwaardigheid bo) die blanke christen noodsaaklik gevolg het. (Stoker en Potgieter 1935:60)

Hierdie beginsel van rassesekeiding geld ook tussen blanke en swart christene. Christelike sendingwerk moet dan ook gerig wees op die stigting van aparte swart kerke. Die Gereformeerde Kerk se sendingwetenskaplike, P.J.S. de Klerk, stel dit as volg:

Ons moet in ons sendingmetode onderskeid maak tussen ras en ras. God het grenslyne daargestel tussen die rasse, wat ons in ons blinde ywer nie somar mag uitwis nie. Die calvinisme leer dat God aan elke volk sy besondere taak gegee het. ... Die sending druk dus nie 'n volk se eie nasionaliteit dood nie. Nee, dit sluit daarby aan en verhef dit tot 'n eie naturelle-christendom. Daarom is die regte metode om eie nasionale naturelle-kerke te stig. Uit hulle eie boesem moet hulle eie belydenis ontstaan, hulle eie lied en hulle eie vorm van gebed. Om prinsipiële redes, gegrond op die calvinisme van ons volk, is dit dus nodig dat daar op sendinggebied segregasie van wit en swart sal wees. (Stoker en Potgieter 1935:126–7)

Die blanke Christene het die roeping om die swart volkere in Afrika te kersten, op te voed en te beskaaf. Dit moet egter nie lei tot die opheffing van die skeiding tussen die rasse nie. L.J. du Plessis uit Potchefstroom stel dit as volg:

Die calvinisme verval ... nie tot die eensydigheid van gelykstelling en vermenging nie. Daar is tussen hierdie rasse-groepe diepgaande verskille wat 'n grenslyn vereis, maar hierdie grenslyn moet elasties gehou word om reg te doen aan die ontwikkelings-moontlikhede en moet veral opening laat vir opvoedingskontak tussen blankes en gekleurdes en vir geleidelike bestyging van die beskawingsleer deur die gekleurdes, al is dit dan op eie terrein en volgens eie wyse. (Stoker en Potgieter 1935:270)

So het die neocalviniste dus probeer om aan die beleid van rassesegregasie (wat later apartheid genoem is) 'n ideologiese grondslag te verskaf. Dit beteken egter nie dat hulle die uitvindings van apartheid was nie! Ek dink dat apartheid 'n uitvloeisel is van die neiging in daardie tyd (en miskien vandag nog) van alle Europeane (nie net in Suid-Afrika nie) om nie-Europeane te sien vanuit hulle eie Westerse perspektief en moeite het om die perspektief van die nie-Europeane in te neem. Daarby word die Europese perspektief beskou as “die ware” en meerderwaardige perspektief. Edward Said noem hierdie neiging “oriëntalisme” (Said 2003).

“Die Ooste” is ’n skepping van die Westerse perspektief. Ons praat van die “Verre Ooste” en die “Nabye Ooste”. Maar dan vra Said: Oos van waar? Ver of naby wat? Die “Ooste” is egter ook bepalend vir die selfverstaan van die Westerling. Dit is naamlik die teenpool in terme waarvan die Westerling ’n Westerling is. Dieselfde geld in Suid-Afrika, waar onderskeid gemaak is tussen “Europeans” en “non-Europeans” of dan “blankes” en “nie-blankes”. Die neocalviniste in Suid-Afrika het nie hierdie “ware” perspektief uitgevind nie. Hulle het dit wel tot ’n ideologie gemaak wat na 1948 tot ’n konsekwente rassebeleid ontwikkel is.

Verreweg die meeste blankes in Suid-Afrika het hierdie perspektief intuïtief gedeel (of deel dit dalk vandag nog). Dit het ook gegeld vir die aanhangers van die evangelikaalse vroomheid in die NG Kerk. In teenstelling tot die neocalviniste het hulle dit egter nie tot ’n ideologie gemaak nie, maar ’n meer pragmatiese standpunt daarvoor ingeneem. Johannes du Plessis het hierdie standpunt mooi verwoord in sy hoedanigheid as redakteur van *Die Soeklig*. Hy het in 1935 in sy blad twee artikels opgeneem van A.B. Xuma, ’n vooraanstaande swart mediese dokter in Johannesburg, oor “Die nadelige gevolge van politieke differensiasie wat op ras en kleur berus”. In sy Maandkroniek as redakteur het hy hierop kommentaar gelewer (*Die Soeklig* 1935:35–8).⁸ Nadat hy uitgebreid ingaan op die ingewikkelde aard van die rassevraagstuk in Suid-Afrika, skryf hy:

Mense wat so gereidelik aangedraf kom met ’n gemaklike en finale oplossing van ons Rassekwessies het nog nooit oor die saak behoorlik en konsekwent nagedink nie. Daar is geen eenvoudige en voldoende oplossing nie: daar is slegs eksperimentele en gedeeltelike oplossings. Die Kwessies wat voor ons lê moet geleidelik, tragsgewyse, met versigtigheid en simpatie, en onder ’n diep besef van ons onkunde en onmag aangedurf word. ... God stel nooit ’n individu, ’n volk, of ’n mense geslag voor onoplosbare probleme nie. Daar is ’n oplossing en *moet* ’n oplossing wees, ofskoon dit soms jare en geslagte sal neem om dit te bereik. ... Moet dit ons nie versigtig, beskeie, simpatiek, onbaatsugtig stem nie? Moet dit ons nie ernstig laat vra wat die wil van God is ten opsigte van ons verhouding teenoor Bruines en Swartes, sowel as teenoor ons eie Arm-blankes nie? Moet dit ons nie aanspoor tot meer geduld in ons oordeel, meer gebed om goddelike hulp en meer vertroue op goddelike leiding nie? ... Daar moet ’n nuwe gees waai deur die gemoedere van ons Afrikaanse volk – ’n gees van toenadering, van meegevoel, van innige belangstelling en van belangelose hulpvaardigheid. Ook moet ons leer om die hulp van nie-Europese in te roep by die beoordeling van die besware en griewe wat soos ’n loodgewig op hul gemoed druk. In hierdie verband wys ons op die stukke van dr. Xuma, wat in die vorige en huidige uitgawes van *Die Soeklig* verskyn. (*Die Soeklig* 1935:36–7).

Drie punte val op in die stellingname van Du Plessis:

1. Ons moet nie soos die neocalviniste uitgaan van ideologiese bloudrukke waaraan ons Goddelike gesag toeskryf nie.
2. Ons moet ons onkunde en onmag erken, en met geduld en ’n evangeliese gees van gebed en van toenadering, meegevoel, innige belangstelling en belangelose hulpvaardigheid soek na eksperimentele en gedeeltelike oplossings.
3. Ons moet ons “Oriëntalisme” oorwin en eerlik probeer om ook die perspektief van ons swart landgenote te ken en in ag te neem.

Ek vra my af hoe die geskiedenis van Suid-Afrika sou geloop het as die Afrikaners die weg van Du Plessis sou gekies het in plaas van dié van die neocalviniste.

Bibliografie

Bekommerd (Ds. A.A. Weich). 1936. *Christus die deur. Twee rigtings in die kalvinisme*. Kaapstad: HAUM.

Brümmer, V. 2013. *Vroom of regsinnig?* Wellington: Bybel-Media.

—. 2015. Die Kaapse Kerk en die Boereoorlog. *LitNet Akademies*, 12(1):206–25.

—. 2016a. Uitverkiesing en evangeliese spiritualiteit. *LitNet Akademies*, 13(1):322–44.

—. 2016b. Uitverkiesing en evangeliese spiritualiteit: die “Bekommerd”-debat. *LitNet Akademies*, 13(3):495–509.

Gereformeerde Maandblad. Verskillende jaargange (aangegee in die verwysings).

Die Gereformeerde Vaandel. Verskillende jaargange (aangegee in die verwysings).

Die Kerkbode. Verskillende jaargange (aangegee in die verwysings).

Die Soeklig. Verskillende jaargange (aangegee in die verwysings).

Kuyper, A. 1898. *Het Calvinisme*. Amsterdam: Höveker & Wormser.

—. 1908. *Nabij God te zijn*. Kampen: J.H. Kok.

Rasker, A.J. 1974. *De Nederlands Hervormde Kerk vanaf 1795*. Kampen: J.H. Kok.

Said, E.W. 2003. *Orientalism*. Londen: Penguin Books.

Stoker, H.G. en F.J.M. Potgieter. 1935. *Koers in die krisis*. Stellenbosch: Pro Ecclesia Drukkery.

Eindnotas

¹ Hierdie artikel is die laaste in ’n reeks van drie artikels oor die verhouding tussen die calvinistiese uitverkiesingsleer en die evangelikaalse spiritualiteit in die NG Kerk. In die eerste artikel (Brümmer 2016a) is die uitverkiesingsleer van Calvyn bespreek en aangetoon dat dit implikasies het wat in stryd is met die evangelikaalse spiritualiteit wat vanaf die tweede helfte van die 19de eeu kenmerkend was vir die Kaapse Kerk. In die 1930’s was daar in Suid-Afrika ’n sterk oplewing van kuyperiaanse neocalvinisme. Die neocalviniste het die evangelikaalse spiritualiteit in die NG Kerk afgewys as “metodisties”. Ds. A.A. Weich het

toe onder die skuilnaam “Bekommerd” die evangelikaalse spiritualiteit teenoor die neocalviniste verdedig. Dit het aanleiding gegee tot ’n lewendige debat in *Die Kerkbode*. In die tweede artikel (Brümmer 2016b) is hierdie debat bespreek.

² Wanneer ek in ’n aanhaling kursivering aanbring om iets te beklemtoon, sal ek dit aangee. Alle ander kursivering is van die aangehaalde skrywer.

³ Terwille van die leesbaarheid word alle aanhalings uit die Nederlands verafrikaans. Akademiese fynproewers kan my weergawe egter kontroleer omdat ek die verwysings aangee.

⁴ Meer nog, vir Kuyper is die calvinisme ook die toppunt in die ontwikkeling van ons beskawing. “Dit staan vas dat die breë stroom van ons geslag van Babilon na San Francisco loop deur die vyf stadiums van die Babilonies-Egiptiese, die Grieks-Romeinse, die Islamitiese, die Romanistiese, en die Calvinistiese beskawing” (Kuyper 1898:27).

⁵ In ’n artikel oor “Interkerkisme” (in *Die Gereformeerde Vaandel* 1936:273–7) uit Koot Voster felle kritiek op die ekumeniese beweging. Interessant is dat hy die opkoms van die ekumene toeskryf aan die “Engelse gees” (en daarom “volksvreemd” vir die Afrikaner Calvinis): “Ons vra nou in die eerste plek: vanwaar kom hierdie nuwe Beweging? En al dadelik stoot ons op hierdie opmerklieke feit dat dit hoofsaaklik afkomstig is en beperk tot die Engelssprekende wêreld, vanwaar dan die verbroeders daarvan hulle kruistogte begin. In Amerika het die beweging as ’n samesmelting van kerke (interdenominalisme) gekom en sy rol gespeel. Ook Engeland is en bly daarvoor die weltoebereide teelgrond. Want dit is heel spesifiek ’n uiting van die Engelse gees. ... Daarby het die Interkerkisme nog altyd geleef onder die troue sorg van die ideale pleegvader, die Engelse Imperialisme. Dit is veral hierdie Engelse gees, wat soos Gallio hom nooit bekommer oor beginsels nie, steeds met imperialistiese ywer altyd die arms wyer en wyer uitstrek om die bonte veelvuldigheid saam te vat in ’n week-gevoelige uitwendige eenheid en ook die beweging in Suid-Afrika soek te bestendig. ... Dit het onoffisieel in die kerke, met die skitterende sukses van die onkruid, die konfessionele bewussyn gaandeweg afgestomp. Die swaartepunt van die godsdien is na die gevoel verlê. En so is met ’n kunsmatig opgewekte weekgevoelige liefde die drang tot ’n beginsellose eenheid terwille van die Eenheid geskep” (*Die Gereformeerde Vaandel* 1936:274).

⁶ In 1905 het Totius reeds op ’n soortgelyke manier kritiek gelewer op die interkonfessionele Christen Stewersvereniging. Volgens Totius was hierdie vereniging nie alleen metodisties en daarom ongereformeerd nie, maar het dit ook geen konfessionele grondslag gehad nie. J.I. Marais het in die *Gereformeerde Maandblad* stewige repliek gelewer op Totius. (*Gereformeerde Maandblad* van Februarie 1906:23–5. Kyk ook Brümmer 2013:174–6).

⁷ Kyk Brümmer (2015) vir ’n bespreking van die houding van die Kaapse Kerk jeens die Anglo-Boereoorlog.

⁸ Dit was waarskynlik Du Plessis se laaste publikasie. Dit het verskyn die dag voor sy dood op 16 Februarie 1935.